

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
 Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
 en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
 om ander hoër as myself te ag,
 ja, om lief te hê – ander bo myself –
 en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
 Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
 Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 leer my om ook soos U te kan vergeef.
 Maak my bereid om aan myself te sterf,
 dat ander U al meer in my kan sien.

“Don't judge each day by the harvest you reap but by the seeds that you plant.”

— Robert Louis Stevenson

Woorddiens

Tema: “Wat saai jy?”

Skriflesing: Markus 4:1-10 en 26-29

Broodjies vir die pad

“It seems to be very hard for people to live with riddles or to let them live, although one would think that life is so full of riddles as it is that a few more things we cannot answer would make no difference. But perhaps it is just this that is so unendurable, that there are irrational things in our own psyche which upset the conscious mind in its illusory certainties by confronting it with the riddle of its existence.”

— C.G. Jung

“A tree is known by its fruit; a man by his deeds. A good deed is never lost; he who sows courtesy reaps friendship, and he who plants kindness gathers love.”

— Basil the Great

“The Gentle Gardener

I'd like to leave but daffodils to mark my little way,
 To leave but tulips red and white behind me as I stray;
 I'd like to pass away from earth and feel I'd left behind
 But roses and forget-me-nots for all who come to find.

I'd like to sow the barren spots with all the flowers of earth,
 To leave a path where those who come should find but gentle mirth;
 And when at last I'm called upon to join the heavenly throng
 I'd like to feel along my way I'd left no sign of wrong.

And yet the cares are many and the hours of toil are few;
 There is not time enough on earth for all I'd like to do;
 But, having lived and having toiled, I'd like the world to find
 Some little touch of beauty that my soul had left behind.”

— Edgar A. Guest

“What if Jesus was not offering his followers an ethical system to follow, but rather was inviting them to enter into a life of love that transcends ethics, a life of liberty that dwells beyond religious laws? The difference between following an ethical system and being consumed by love can be seen in the way that ethical systems seek to provide a way to work out what needs to be done so that it can be carried out. In contrast, love is never constrained, it never sits back, it always seeks to do more than what is demanded of it.”

— Peter Rollins, *The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales*

“The incoming of God as expressed in the incarnation represents a beautiful expression of this simultaneous revealing and withdrawal, for in the Incarnation the mystery of God is not dissipated but rather deepened. The mystery is not unmasked, but rather dwells with us, in our midst. The mystery is thus not overcome in the Incarnation but rather encountered there.”

— Peter Rollins, *The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales*

“So, is there an afterlife, and if so, what will it be like? I don't have a clue. But I am confident that the one who has buoyed us up in life will also buoy us up through death. We die into God. What more that means, I do not know. But that is all I need to know.”

— Marcus J. Borg, *Speaking Christian: Why Christian Words Have Lost Their Meaning and Power - And How They Can Be Restored*

Brood vir die pad

Waar lê jōu naelstring?

Andries Bezuidenhout

Wie sou nou kon dink 'n vraag oor waar iemand vandaan kom kan so gelaai wees?

Ek sit in die Universiteit van Fort Hare in Alice se personeelkafeteria. Eintlik is dit 'n ou koshuiseetsaal wat tydelik gebruik word, omdat van die studente verlede jaar die personeelsentrum aan die brand gesteek het.

Ek hou egter van die hierdie eetsaal. Dit het groot vensters met 'n uitsig oor die Tyumevallei en die heuwels daaragter.

Daar's 'n groep Franse akademici wat ook gereeld hier kom eet. Hulle dra soms tafels na buite en sit in die son. Ek het hulle

nog nie 'n bottel wyn sien oopmaak nie, wat nie vreemd vir 'n groep Franse sou wees nie.

Fort Hare is 'n aardige plek. Aan die een kant is dit kosmopolities, soos enige universiteit, met mense oor die wêreld heen wat daar werk en studeer.

Aan die ander kant is dit ook diep landelik en tradisioneel.

Soms sukkel ek om te kommunikeer, weens my gebrekkige IsiXhosa.

By die tafel langsaan sit 'n man. Hy stel homself as Thando voor. Hy kan sien ek is nuut op die kampus en wil weet waar ek vandaan kom.

Wel, antwoord ek, my pa is oorspronklik van King William's Town, ek is in Pretoria gebore, maar het die meeste van my lewe in Johannesburg gewoon. Nou woon ek in Alice.

Toe ek hom vra waar hy vandaan kom, ontstaan 'n hele gesprek oor hoe mens jouself in die Xhosakultuur aan 'n vreemdeling voorstel.

Waar jou naelstring lê

In die eerste plek, verduidelik Thando, moet jy sê waar jou naelstring begrawe lê. Dit is waar jy gebore is en waar jou diepste wortels is.

In my geval sal dit seker Pretoria wees, die Moedersbond, maar ek neem aan my naelstring het sonder seremonie in die hospitaal se vullisverwyderingstelsel beland.

In Thando se geval is dit Keiskammahoek, net hier om die draai, met die Amatholeberge langs.

Tweedens moet jy sê waar jou ouerhuis is, wat waarskynlik ook die plek is waarnatoe jy terugkeer om af te tree, of dalk as jy in die moeilikheid is. In IsiXhosa noem jy dit jou "umzi".

In my geval is daar nie so plek nie. Ek voel dalk die meeste tuis in Johannesburg, maar juis omdat ek daar een van 'n honderd minderheidsgroepe is. Ek voel dalk tuis in Johannesburg omdat niemand dit as hul eie kan eien nie.

In my gespreksgenoot se geval is dit weer Keiskammahoek.

Die derde plek wat jy noem, verduidelik Thando verder, is waar jy nou woon. Wel, hier's ek nou in Alice, in 'n huurhuis wat deur die universiteit verskaf word en dienlik soos 'n woonstel by 'n Garipe-damoor is. Dit het darem 'n uitsig oor die Amatholeberge.

Woon jy nie in Hogsback nie? wil Thando weet.

Ek noem dat almal wat ek in Alice teëkom dadelik so aanneem, omdat daar nie eintlik mense van my demografiese profiel in Alice woon nie.

Maar ek en my vrou is heel gelukkig op die dorpe. Ons is gelukkig, alhoewel van ons bure bekommerd was dat die feit dat ons effens uitstaan, misdaad na die buurt toe sal aantrek.

As dit skemer word, gaan stap ons. Ons hou van die voordeure wat so oop staan en die kinders wat in die straat speel.

Waar woon Thando? Reg geraai: Keiskammahoek. Sy naelstring, "umzi" en huidige woonplek is als op een plek.

Hy ry elke weksoggend van Keiskammahoek af Alice toe en weer terug in die middag, maar hy hou daarvan, sê hy, dis 'n mooi pad.

Hy werk vir die werkerskoöperasie wat die kampusperseel in stand hou. Ek dink Thando moet 'n ongelooflike sin vir geborgenheid hier ervaar.

'n Diep verbintenis met herkoms

Die sosioloog Ferdinand Tönnies het lank gelede 'n onderskeid getref tussen wat hy "Gemeinschaft" en "Gesellschaft" genoem het.

Gemeinschaft, of gemeenskap in Afrikaans, verwys na die tipe geborgenheid in Thando se geval – 'n diep verbintenis wat met herkoms en kultuur te doen het.

Gesellschaft is moeiliker om direk te vertaal, maar 'n mens sou seker daarna as die samelewing kon verwys. Dit gaan oor die onpersoonlike aard van moderne samelewings.

Daar is altyd 'n tipe spanning tussen die geborgenheid van Gemeinschaft en die onpersoonlike aard van Gesellschaft.

Vir sommige mense is herkoms 'n veilige hawe, maar vir ander is dit beklemmend.

Die feit dat jou naelstring nie iewers begrawe is nie, beteken jy is vry – jy is nomadies en kan reis.

Iemand wat tel

'n Paar dae later loop ek weer vir Thando op kampus raak. Ons raak weer aan die gesels en hy stap saam tot by my kantoor.

Hy sien dadelik een van die boeke op my lessenaar raak en begin om daardeur te blaai. Dis die versamelde werke van S.E.K. Mqhayi, in die oorspronklike IsiXhosa gepubliseer, maar met Engelse vertalings.

Mqhayi is een van die belangrikste Xhosa digters, maar hy het ook historiese en filosofiese opstelle geskryf – 'n tipe N.P. van Wyk Louwfiguur.

Thando vertel dat die Rharhabekoning hulle laerskool kom besoek het toe hy nog op skool was. As een van die ouer kinders is hy aangesê om as 'n tipe imbongi, 'n lofsanger, op te tree.

Hy was raadop oor die opdrag en bekommerd oor hoe die koning sou reageer. Sy ouer broer het voorgestel dat hy na Mqhayi se gedigte kyk en het hom gehelp om een te kies. Hy het Mqhayi se gedig oor die SS Mendi gekies, vertel Thando, al het hy nie mooi verstaan waarom die gedig handel nie en het dit gememoriseer.

Die SS Mendi is 'n skip wat tydens die Eerste Wêreldoorlog gesink het. Dit het troepe van die sogenaamde "South African Native Labour Corps" vervoer – mense wat nie gewere gedra het nie, maar harde handarbeid moes verrig, soos om loopgrawe te spit.

'n Ander skip het weens nalatigheid teen die Mendi gebots en die meeste van die bemanning het verdrink.

"Moenie vir die mense kyk as jy dit voordra nie," het Thando se broer gewaarsku, "kyk vir die lug net bo hulle koppe."

Hy het sy broer se raad gevolg. Sy resitasie was 'n groot sukses. Die koning het selfs bewoë geword. Van daardie dag af, vertel Thando, het hy gevoel soos iemand wat tel. Mqhayi se gedig het sy hele lewe verander.

Ek sien hy sukkel om die boek weer neer te sit toe hy groet.

Jy wen én verloor

Daar is Afrikaanse gedigte en romans waarvoor ek ook voel soos Thando oor S.E.K. Mqhayi se gedig oor die SS Mendi voel.

Telkens, as ek daarvoor nadink, is dit gedigte en romans wat my perspektief verander het – wat my anders na die wêreld om my laat kyk het.

My Gemeinschaft is primêr in taal gesetel, sou ek sê.

Ek dink dit is daardie ervaring met taal wat maak dat ek iets van Thando se verbintenis tot die plek waar hy vandaan kom kan verstaan. Altans, ek dink so.

Ons het almal seker beide Gemeinschaft en Gesellschaft nodig om ons identiteite in 'n moderne wêreld in stand te hou.

Met elkeen wen ons iets, maar verloor ook iets – 'n tipe spanning tussen geborgenheid in wie ons is en die vryheid om iemand anders te kan word as ons só sou kies.

* *Andries Bezuidenhout is 'n professor in ontwikkelingstudies aan die Universiteit van Fort Hare.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/waar-le-jou-naelstring-20180601>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*